H.B.Th.

191. T. 2 (32)

# ~~O~~ HULDIGINGSREDE: WYLE PROF. G.G. CILLIÉ

Deur prof. H.B. Thom, Oud-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en tans Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad.

---

(Inwyding van die G.G. Cillié-gebou vir Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch, 22 September 1970, 2.30 nm.)

(x +) Voorreg – mev. C. + kinders.

---

1. ~~Prof~~ Wyle prof ~~G.G.~~ ~~Gabriël Gideon~~ Cillié ~~is gebore op 10 September 1970, op die plaas Rhebokskloof in Blouvlei, Wellington.~~

~~Hy~~ het opgegroei in 'n streng godsdienstige Fr. Hollandse huis. ~~'n feit wat in sy eie lewe van die allergrootste betekenis was.~~

Op 8-jarige leeftyd is hy skool toe, die bekende skool van mnr. M.J. Stucki, wat op sy vader se plaas in Blouvlei, Wellington, gestaan het.

Na die dood van sy vader in 1886 is sy onderwys vir vyf jaar onderbreek, toe hy met die boerdery behulpsaam moes wees.

Vervolgens het hy, ten gevolge van ernstige krisistye ~~wat~~ in die boerdery, ~~aangebreek het~~, besluit om terug te gaan skool toe.

Daarna begin sy voorbereiding as onderwyser, eers aan die Normaalkollege in Kaapstad en toe aan die Victoria-Kollege op Stellenbosch.

Dan gaan hy oorsee vir verdere studie, na ~~Duitsland~~ Skotland en ~~Skotland~~ Duitsland. Aan die Universiteit van Edinburgh behaal hy die M.A.-graad, en aan die Universiteit van Straatsburg 'n paar jaar later die Dr.-graad.

Sy eerste onderwyservaring het hy reeds aan die Normaalkollege in Kaapstad opgedoen. Daarna was hy hoofonderwyser van die seunskool op Cradock en van die hoërskool op Franschhoek.

In 1908 word hy professor in die Klassieke Tale aan die Victoria-Kollege, en vyf jaar later die eerste professor in die Opvoedkunde op Stellenbosch. In 1918 word hy aangewys as die eerste Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, en hierdie posisie behou hy tot 1947, toe hy sy professoraat neergelê het.

Ondertussen, t.w. gedurende die jare 1919 - 1925, was hy ook Rektor van die Universiteit, en wel die eerste rektor wat die Universiteit gehad het.

Sy naam sal onafskeidbaar verbonde bly met die onderwys in Kaapland, en inderdaad in Suid-Afrika as geheel. Letterlik duisende onderwysers het

2/............

in sy klasse gesit; hy was vir baie jare die groot dryfkrag agter die S.A. Onderwysersunie; hy was 49 jaar lank lid van die redaksie van die S.A.O.U. se lyfblad, Die Unie, en hy was 40 jaar lank hoofredakteur daarvan; hy het gedien in verskeie kommissies wat probleme i.v.m. die onderwys ondersoek het; hy het tal van geskrifte oor onderwyssake nagelaat; en hy het studiereise onderneem wat vir die onderwys van ons land blywende waarde gehad het.

Prof. Cillié is in 1905 in die eg verbind met mej. Maria van Niekerk. Almal wat haar geken het, weet dat sy iemand was met 'n sterk persoonlikheid, iemand wat haar eggenoot in alles ter syde gestaan het en wat op haar huis en die lewe van haar kinders 'n duidelike stempel gedruk het. Sy is in 1927 oorlede; en vier jaar later het prof. Cillié in die huwelik getree met mej. Maria Uys. Sy was vir hom eweëens 'n getroue lewensgesellin, en het hom veral in die latere jare van sy lewe - en met name in sy werk in verband met die S.A.O.U. en Die Unie - onmisbare bystand verleen. (X) (X)

2. Dit is 'n kort skets van die hoofpunte uit die lewensloop van 'n groot opvoedkundige. Ons moet egter dieper delf. Ons moet ons afvra na die diepere kenmerke van die gees en denke van hierdie man. Wat is in hierdie verband die hoofpunte? Die eerste kenmerk word bes beskryf ~~deur~~ met die enkele woord: Objektief. Hy het goed begryp dat ons, as ons na die waarheid soek, bowenal objektiwiteit moet handhaaf. Hy het dit besef; en hy het dit ook uitgeleef. Die teenoorgestelde daarvan, subjektiwiteit, dít het hy geweet en só het hy ons ~~ook~~ geleer, is een van die grootste gevare vir 'n opregte soeke na die waarheid. Hy het wel goed begryp dat daar nie so iets soos absolute objektiwiteit is nie, maar hy het nietemin die objektiwiteit in alle wetenskaplike denke as 'n ideaal gestel wat met eerlikheid nagestreef moet word.

Hy het dit dan ook in homself nagestrewe: in sy wetenskapsbeoefening, in sy onderrig, in sy eie persoonlike lewe. (By geleentheid kon hy met 'n frisse sin vir humor spottend van homself sê: "Jy, Gawerjal Cillié, gaan staan daar in die hoekie, sodat ek vir jou kan lag!")

3. Die tweede kenmerk kan gestel word met die woord: Positief. Hier het ons een van die uitstaande kenmerke van sy hele lewe. Sy uitgangspunt was nie sy verset, sy vyandskap teen iets nie, maar veeleer sy strewe, sy liefde vir iets. In die motivering vir sy beslissinge of handelinge

was dit nie vyandigheid wat oorheersend en bepalend was nie, maar die liefde. Let wel: nie 'n soetsappige blinde liefde nie, maar 'n realistiese, ewewigtige liefde.

Hiertoe het ongetwyfeld sy vermoë tot objektiwiteit in hoë mate bygedra. In sy wysgerige - en meer bepaald opvoedkundige - denke het hy hom nie primêr <u>kontra</u> sekere opvattinge of strominge gerig nie, maar primêr <u>pro</u> dit wat hy wil en wat hy nastrewe. Voed eers die eie, eers die Christelike en nasionale, en jy sal vanself sterker staan teen die vreemde, die onverskillige, die denasionaliserende, die internasionale. "Soek <u>eers</u> jou vriend, staan by hom, en dan kan julle saam teen die vyand staan" - só het hy eenkeer op 'n kongres gesê.

4. Die derde kenmerk: <u>Perspektief</u>. Sonder 'n gesonde perspektief kan iemand wat geestelike arbeid verrig, nooit werklik sukses hê nie. Hoe suiwerder 'n mens se perspektief, hoe beter sal jou bevindinge en beslissinge wees en hoe suksesvoller sal jou arbeid wees. Maar 'n suiwere perspektief kom nie vanself nie; jy moet leer om van jouself los te kom, en jy moet sorg dat ~~vyandelikheid~~ vyandigheid nie jou optrede bepaal nie.

Prof. Cillié het aan hierdie vereistes voldoen; immers, ons het reeds gesê dat hy in sy eie beskouinge in hoë mate objektief en positief was.

Persoonlik het ek reeds in my eerste kennismaking met prof. Cillié opgemerk met watter suiwere perspektief hy menslike betrekkinge gesien het. Dit was toe ek pas as student op Stellenbosch aangekom het en hy as Rektor ons nuwelinge toegespreek het. Ons moes onthou dat ons gekom het om die verstand te ontwikkel; ons sou miskien later geleerde mense word maar ons sou nooit beter wees as die mense van wie ons gekom het nie. Ons moes nooit sê nie: Wat sal ons tog nou met die mense gesels? Inteendeel, ons moes onthou: hoe meer grade of diploma's ons verwerf, hoe beter moes ons in staat wees om ons eie mense te dien.

5. Die vierde kenmerk stel ek met die woord: <u>Normatief</u>. Die Opvoedkunde is grotendeels 'n normatiewe wetenskap, en prof. G.G. Cillié het, met sy hele gees en geestesinstelling, logies in hierdie wetenskap ingepas. Hy was 'n man van sekere norme, norme waarvolgens die etiese van die onetiese geskei word, die pedagogiese van die onpedagogiese, die goeie van die kwade. Hy was 'n man wat, nadat hy gesê of beskryf het hoe dinge <u>is</u>, ook gesê of beskryf het hoe dinge <u>behoort</u> te wees. En sy norme was vir

4/...............

hom duidelik en het vasgestaan. Ons sou baie voorbeelde kon noem, maar ons dink veral aan die één groot norm wat hy vir alle ware onderwys en opvoeding beklemtoon het: dat dit bowenalles die karakter van die leerling of student sal bou en versterk.

Ook dit staan nie los van wat reeds gesê is nie. Omdat hy objektief was, omdat hy positief was, omdat hy perspektief gehad het - om al hierdie redes kon hy sy norme duidelik sien en het hy in sy normatiewe wetenskap vreugde gevind. Alles vorm saam één groot eenheid: die man, die geleerde, met die hoofrigtings van sy gees, wat ook die hoofrigtings van sy wetenskap was. Daar is niks wat bots nie: die totaal-geheel van mens en gees en arbeidsveld.

Hardwerkend in sy wetenskap, en toegewyd tot die einde toe, het ons gevierde leermeester en pedagoog nie net vir ons die norme nagelaat nie, maar hy het self ook <u>norma</u> geword, tot vandag toe. In~~s~~ ons opvoedkundige denke en doen sê ons vandag nog dikwels: In so 'n geval sou prof. Cillié so of so gemaak het, of: Prof. Cillié se mening was altyd so of so; of: Prof. Cillié sou die saa~~k~~ so of so benader het. En ons hoor dit nie net op Stellenbosch nie, maar in die hele Kaapland en ook dikwels in ander Provinsies.

Ons sien hy het maatstaf geword, die norm waaraan teorie en praktyk van ander ~~gemeet~~ getoets is. Dat dit só is, is vir wyle prof. Cillié groot en sprekende hulde. Want die ware betekenis van 'n mens word dikwels nie soseer gesien uit wat tydgenote van hom dink of wat by sy graf gesê word nie, maar veel meer uit wat diegene sê wat later in tydsverloop verder en verder van hom wegstaan. ~~Dit is~~ Diegene wat later kom, kan ~~wat op hulle beurt~~ objektief ~~kan~~ wees, hulle kan ~~wat~~ positief ~~kan~~ oordeel, hulle kan ~~wat~~ perspektief ~~kan~~ hê en hulle kan ~~wat~~ norme ~~kan~~ raaksien en aanlê. Daarom kan ons vandag duidelik sien wat wyle prof. G. G. Cillié werklik vir ons beteken het ~~Doen ons dit met betrekking tot wyle prof. G.G. Cillié, dan sien ons eers duidelik wat hy vir ons was.~~

6. Dit is gepas dat ons vandag by die lewe van prof. Cillié stilstaan. Allerweë word daar kommer uitgespreek oor probleme op die terrein van die onderwys en opvoeding, en daar word meermale selfs van 'n krisistoestand gepraat. Al laat ons toe vir oordrywing, en al neem ons in aanmerking dat mense sulke stellinge soms nie met suiwere motiewe maak nie, dan moet ons nogtans ruiterlik erken dat ons onderwys en opvoeding vandag met baie ernstige moeilikhede te kampe het. En ons moet ook toegee dat dit geld vir al die vlakke waarop ons werk: die pre-primêre, die primêre, die sekondêre en ook die tersiêre. Ek weet dit; en, in die posisie waarin ek staan, kan ek nie anders as om dit te weet nie. Dit is immers ook my

5/............

taak om, saam met my Uitvoerende Komitee en my volle Raad, ons geagte Minister van Nasionale Opvoeding in verband met opvoedkundige beleidsvraagstukke te adviseer.

Dit is vanselfsprekend nie my bedoeling om nou oor hierdie vraagstukke te handel nie; en dit is ook nie die plek om dit te doen nie. Maar ek pleit daarvoor dat ons mekaar, met kalmte en toewyding, in ons opvoedkundige taak sal bystaan. Ek pleit by uitstek daarvoor dat ons met suiwere perspektief ons owerhede, sy dit Staat of Provinsie, sal help om die stappe wat gedoen word, so doeltreffend moontlik te maak.

In dit alles sou ek die gees van prof. G.G. Cillié opnuut en onmiskenbaar en daadvaardig in ons midde wou sien. Hy het gesê: "Die onderwys en die opvoeding is nie maar 'n 'job' nie; dit is 'n roeping!" In die gees van prof. Cillié wil ek byvoeg: Die moeilikhede van 'n "job" kan jy regmaak met werksure (of die beperking daarvan!), met voorregte, met salarisse en vakansies; die moeilikhede van 'n roeping kan jy met hierdie dinge miskien verlig, maar jy kan dit regmaak net met die groot dinge van die gees: gesindheid, ideale, roepingsbewustheid, deursettingsvermoë.

Dit is die weg wat prof. Cillié vir ons aangewys het. Daarvoor eer ons sy nagedagtenis; en daarvoor betaal ons vandag 'n lang-gevoelde ereskuld. Dit is sulke manne wat hegte fondamente vir 'n Fakulteit gelê het, en nie net vir 'n Fakulteit nie maar inderdaad vir 'n Universiteit as geheel.

* * * * *